LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
(012) 345-1031
info@lardies.co.za
www.lardies.co.za

29 Oktober 2019

Geagte ouers

Laerskool Elarduspark se Naskoolsentrum strewe daarna om net die heel beste vir ons kinders te lewer.

Ons bied weer die geleentheid vanaf Januarie 2020 om vir u kind ‘n gebalanseerde maaltyd teen ‘n bekostigbare tarief (R25 per ete) te bekom.

- **Onthou om November/Desember vir Januarie te bestel en te betaal**
- Alle bestellings vir die volgende maand **moet voor of op die 25ste** van die betrokke maand gedoen word. Indien die 25ste op ’n naweek val, moet die bestellings voor die naweek gedoen word. **GEEN laat bestellings sal aanvaar word nie.**
- Bestellings word slegs per maand gedoen.
- U betaal net vir skooldae
- Etes kan met die fundybandjie betaal word of ‘n oorbetaling kan gedoen word. Sien asseblief die skrywe in verband met die oorbetaling aangeheg.
- Indien etes, vir watter rede ook al gemis word, kan dit nie later ingehaal of weer voorsien word nie.
- Geen kos sal voorsien word voordat die betaling die bestelling vergesel nie.
- **Eetgerei word nie voorsien nie, sit asseblief eie lepels/vurke in.**
- Gedurende vakansies word daar geen etes voorsien nie.

Die etes word by die Naskoolsentrum afgelaai, waar u kind dit sal ontvang.

Die kostes is as volg: (Maand, Koste per maand en skooldae per maand)

Maand	Koste per maand	Aantal dae in die maand
Januarie	R325	13 dae
Februarie	R500	20 dae
Maart	R400	16 dae
April	R475	19 dae
Mei	R500	20 dae
Junie	R250	10 dae
Julie	R475	19 dae
Augustus	R500	20 dae
September	R400	16 dae
Oktober	R550	22 dae
November	R525	21 dae

Totale aantal dae: 196 dae @R25 per dag = R4 900 per jaar

Geen kos sal Desember 2020 voorsien word nie.

Ons wil graag die ouers aanmoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak. Die kos is van hoë gehalte, en dit bring mee dat u kind ‘n gebalanseerde ete kry, voordat hy/sy die res van die dag moet aandurf.

Naskoolgroete

S BARKHUIZEN
SENTRUMHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF